

eish!

Personeelblad van die NWU



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

VOLUME 4 No 4 Augustus 2010

NWU @ Comrades


Die NWU het sy banier hoog gehys tydens vanjaar se Comrades-marathon. Me Phumzile Mmope, Uitvoerende Direkteur: Korporatiewe Sake en Verhoudinge, was deel van die NWU se span wat die hardlopers ondersteun het. Lees meer hieroor op p4-5.

Lees binne!

3 Geld gaan terug na kampusse toe

6 Ontmoet die Ondervoorsitter van die Raad

7 NWU en vakbonde skik



Beste kollegas

Ek vertrou dat almal die ex gratia-verlof geniet het en die tweede semester met nuwe krag kon aanpak!

Na al die sokkeropwinding is die akademiese jaar nou in die pylvak. Gemeet aan die goeie 2009-resultate is ek daarvan oortuig dat, as ons voortgaan om die

NWU se kernbesigheid op 'n volgehoue prestasiebaan te bly hou, ons teen 2013 – net maar tien jaar ná die samesmelting – daarin gaan slaag om ons missiestelling van 'n gebalanseerde onderrig-leer- en navorsingsinstelling te bereik.

Ons hoef mekaar waarskynlik nie daaraan te herinner dat die tweede helfte van 2010 inderdaad nog baie van ons vra nie. Ek dink onder andere aan die volgende sake, wetende dat die lysie nog veel langer kon wees:

- Volgehoue toewyding om die akademiese jaar suksesvol af te handel en om die kwaliteit van ons kernbesigheid verder te verbeter.
- Gelyklopend hiermee moet ons steeds harder werk om die studente-ervaring op al drie kampusse te verbeter en om goed afgeronde en gebalanseerde studente aan die ontwikkelende Suid-Afrikaanse ekonomie te lewer.
- Die transformasie-oorsigproses waarmee ons nou in opdrag van die Raad besig is (in Engels as die “transformation dashboard” bekend) behoort in hierdie semester vir ons nuttige inligting te gee om die belangrike kwessies van voortdurende en volhoubare transformasie en die bereiking van sosiale kohesie op ons radarskerm te hou.
- Die volgehoue verbetering van ons

gehalteversekeringsprosesse is van wesenlike belang – insluitend die finalisering van die kwaliteitsverbeteringsplan wat voortspruit uit sowel ons eie gapingsregister as die aanbevelings uit die HOKK-ouditverslag.

- Ons weet dat groot werk nog gedoen moet word om die instelling se fokus op internasionalisering en streeksbetrokkenheid uit te bou.
- Ook word die 2011-beplanningsproses deur die Institusionele Plan en die begroting in die volgende maand gefinaliseer. Ons beplan om die fokus vir 2011 veral te laat val op die definiëring van die kampusse se nisareas en ontwikkelingstrajekte, asook die ondersoek na die moontlike uitbreiding van ons afstandsprogramme.

Daarby is ons saam met die Mafikeng-kampus dankbaar dat hulle hierdie jaar hul 30e verjaardag vier en sien uit na die hoogtepunt van die feesvieringe in Oktober.

Kortom, die opwindende reis na 'n gebalanseerde onderrig-leer- en navorsingsuniversiteit gaan voort... sterkte vir die res van die jaar!

Vriendelike groete,

Lucas Venter

EISH! – hoor net die stilte

So keer alles toe terug na normaal.

Die doele is geskop, die vuvuzela's geblaas, die trane gestort en die vreugdevure aangesteek. En nou, ná die Wêreldbeker en die luilekkerte van die ex gratia-verlof, is dit skouer aan die wiel sit by die NWU vir die tweede helfte van die jaar.

Maar net voor die werk in alle erns begin, gee ons vir ons lesers vir oulaas 'n kykie na die Groot Spaanse Inval. Lees gerus in die spesiale sokkerbylae oor die Spanjaarde se verblyf by die NWU en hoe hulle dit as 'perfecto' beskryf het.

Soos gewoonlik is Eish! propvol nuus. Ons praat geldsake (begroting op p3 en lewenskoste-aanpassing op p7) en leer van ons kollegas beter ken (prof Lucas Venter op p8 en prof Mogege Mosimege op p10 en 11).

Die kampusse is ook volstoom aan die gang – gaan lees gerus op p12, 13 en 14 wat op die Mafikeng-, Potchefstroom- en Vaaldriehoekskampus gebeur.

Wat die tegnologie betref, word die elektroniese dokumentbestuurstelsel – *Share* – aan almal bekend gestel. Meer hieroor op p7.

Ons spog met die nuutste tweede-mylers op p19 en kondig die gelukkige wenners van die kompetisie in die vorige uitgawe op p18 aan.

Skouer aan die wiel en sterkte vir hierdie nuwe kwartaal – en onthou om so dan en wan 'n blaaskans te neem met Eish! in die hand.

Groete,

Marelize & Nelia



Geld gaan terug na kampusse

Sowat 82% van die Institusionele Kantoor se netto uitgawes wat vir 2010 begroot is, word direk op die kampusse spandeer. Dit sluit nie die salariskoste en algemene bedryfskoste van die meeste personeel wat dienste aan die kampusse lewer in nie.

“Onlangs, tydens die opstelling van die 2011-*begrotingsdoelwit, het ons bereken dat R190 miljoen van die Institusionele Kantoor se begrote uitgawes direkte kampus-uitgawes is. Dit word net by die Institusionele Kantoor begroot, aangesien dit hier bestuur word,” sê me Antoinette Vosloo, Senior Rekenmeester in die afdeling Bestuursrekenmeestersdienste.

Voorbeelde van kampus-uitgawes wat by die Institusionele Kantoor begroot word en by die R190 miljoen ingesluit is, is onder meer die volgende:


Navorsingstoerusting (R20 miljoen), toekennings vir uitnemendheid in onderrig en navorsing (R11,7 miljoen), poste vir indiensnemingsgelykheid en kapasiteitsbou (R15,4 miljoen), beurse vir na-doktorale genote (R4,8 miljoen), strategiese fondse (R48,5 miljoen), Inligtingstegnologie-infrastruktuur en -dienste (R54,4 miljoen), vertalers en tolke (R5 miljoen) en kleinere veranderinge aan geboue (R14,2 miljoen).

Daar is ook 'n hele aantal dienste wat aan die kampusse gelewer word, waarvan die kostes nie eens by die genoemde bedrag ingesluit is nie.

Dit is onder meer die begrotings van die Visekanselier, die Adjunkhoof, Bestuursinligting, finansiële departemente, Mensehulpbronne (byvoorbeeld die dienste wat konsultante aan fakulteite of ondersteuningseenhede op die kampusse lewer), Regsdienste, Korporatiewe Kommunikasie (byvoorbeeld verskeie elektroniese en gedrukte korporatiewe publikasies en die herontwikkeling van die webblad), Fisiese Infrastruktuur en Interne Oudit.

**Die begrotingsdoelwit sluit riglyne in oor die fondse wat die kampusse tot die NWU-begroting moet bydra, en die beperking op dit waarvoor die Institusionele Kantoor as tekort mag begroot.*

Dit is die samestelling van die R190 miljoen se kampus-uitgawes wat by die Institusionele Kantoor begroot word:



So pas die prosesse in mekaar

Behalwe vir die oorhoofse NWU-begrotingsproses, het elke begrotingseenheid van die Universiteit (die drie kampusse en die Institusionele Kantoor) sy eie begrotingsproses onder leiding van 'n eie begrotingskomitee. Dit bring mee dat die vier begrotingseenhede dus self 'n hele aantal besluite oor hul eie begrotings neem.

Verteenwoordigers van elkeen van die begrotingseenhede vorm saam die Institusionele Begrotingskomitee. Dié oorhoofse komitee is verantwoordelik vir die NWU se begrotingsproses oor die algemeen, asook die aanbeveling van die jaarlikse begrotingsdoelwit en die finale begroting aan die Institusionele Bestuur.

As deel van 'n kwaliteitsproses probeer die NWU elke jaar om sy begrotingsproses te verbeter. Vanjaar is die oorhoofse proses op versoek van die individuele begrotingseenhede aangepas om voorsiening te maak vir 'n gesprek tussen elke begrotingseenheid se begrotingskomitee en die Institusionele Begrotingskomitee voordat die begrotings amptelik by die Institusionele Kantoor ingedien word.

“Hierdie verandering is gemaak ter wille van goeie kommunikasie voor die finale aanbeveling aan die Institusionele Bestuur voorberei word,” sê me Antoinette Vosloo.

Die gesprekke met die begrotingseenhede het vanjaar op 3 en 4 Augustus plaasgevind en die individuele begrotings is op 6 Augustus elektronies ingedien.

Nadat die afsonderlike begrotings ingedien en gekonsolideer is tot een NWU-begroting sal die Institusionele Begrotingskomitee dit tydens hul vergadering op 30 Augustus bespreek en die nodige aanbevelings maak. Dié aanbevelings sal op 8 September voor die Institusionele Bestuur dien.

Op 28 Oktober sal die NWU-begroting aan die Finansiële Komitee voorgelê word en op 19 November aan die NWU-Raad vir finale goedkeuring.

“Hierna finaliseer ons die laai van die goedgekeurde 2011-begroting op die Oraclestelsel sodat dit op 1 Januarie 2011 vir alle gebruikers beskikbaar is,” sê Antoinette.

NWU hys sy banier hoog



Die NWU se Comrades 2010-ondersteunersgroep het die marathon in 'rekordtyd' voltooi! Die foto is tydens die Comrades-uitstalling geneem. Van links is me Gloria Edwards (Institusionele Web-inhoudbestuurder), me Petunia Thulo (Institusionele Aanlyn- Redaksionele Assistent), mnr Louis Jacobs (Institusionele Direkteur: Korporatiewe Kommunikasie), me Phumzile Mmope (Uitvoerende Direkteur: Korporatiewe Sake en Verhoudinge), mnr Vincent Eastes (Bemarking en Kommunikasie, Potchefstroomkampus), mnr Pheny Mokgothu (Kommunikasie, Mafikengkampus), me Annette Willemse (Bestuurder: Korporatiewe Kommunikasie, Vaaldriehoekkampus) en me Marlene Nice (Logistiek, Potchefstroomkampus).

Die Noordwes-Universiteit het beslis nie 'n lae profiel gehandhaaf by vanjaar se 85ste Comrades-marathon nie.

Dit was nie net die deelnemers wat hulle stempel afgedruk het nie: die NWU-ondersteunerspan het die hardlopers bygestaan met logistieke ondersteuning en motivering, terwyl die groep se teenwoordigheid die Universiteit se beeld uitgebou het.

Die ondersteunerspan het uit verteenwoordigers van die drie kampusse en die Institusionele Departement Korporatiewe Sake en Verhoudinge bestaan.

Die NWU-hardlopers, bestaande uit personeel en klubatlete van die Universiteit, is deur die Visekanselier, dr Theuns Eloff, en die Institusionele Departement Korporatiewe Sake en Verhoudinge geborg. Dié inisiatief was deel van die NWU se doelbewuste poging om sy

handelsmerk uit te bou en om die instelling te posisioneer as 'n diverse en innoverende universiteit met 'n wen-sportkultuur.

Die hardlopers se Comrades-ervaring het begin met die oorhandiging van die geborgde NWU-sportsakke deur dr Theuns Eloff tydens 'n hoëkoolhidraat-middagete op 26 Mei by die Institusionele Kantoor.

STERKTE

In die sportsakke was NWU-sweetpakke, pette en borgwapens vir die hardlopers se hemde. Prof Johan Rost, Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite, wat die wedren self al agt keer voltooi het, het vir die atlete wenke gegee en hulle sterkte toegewens.

Die NWU-hardlopers het die Comrades al altesaam 80 keer voltooi. Hulle sluit in mnr Cliff Wallace wat al 21 agter die blad het, en mnr Henro Erasmus wat die uitdaging vanjaar vir die eerste keer aangepak het.



Mnr Louis Jacobs en mnr Vincent Eastes neem die ontwikkeling van die NWU-handelsmerk tot nuwe hoogtes.

Vyftien van die 19 hardlopers het uiteindelik die eindstreep oorgesteek. Mnr Bertus le Roux en prof Alwyn Hoffman wat albei wel die afsnypunt 31km voor die einde bereik het, kon ongelukkig nie klaarmaak nie.

Prof Francois Viljoen is vóór die wedren beseer, terwyl me Mandi Wallace haar dokter se raad gevolg het en nie vanjaar deelgeneem het nie. Sy was egter daar om haar man en die ander hardlopers aan te moedig.

by Comrades 2010

IETS VIR DIE PYN

Die NWU-ondersteunerspan het hul toewyding op 'n baie konkrete manier getoon. Hulle het 'n waterpunt opgestel by die Winston Park BP-petrolstasie – die 14:00-afsnypunt (31km voor die einde).

Die ondersteunerspan het atlete aangemoedig en gereed gestaan met enigiets van gekookte aartappels tot Voltaren-jel. Verskeie oudstudente van al drie kampusse het die baniere raakgesien en party het kom hallo sê of gestop vir 'n bietjie bederf.

Die span het ook 'n Facebook-groep geskep ter ondersteuning van ons Comrades-hardlopers. Dit het verder tot die opwinning bygedra en die kollig weereens op die NWU-handelsmerk laat val.

Die Facebook-groep, wat daarop gefokus het om die publiek en die hardlopers se gesinne op hoogte te hou van die gebeure

deur middel van opgedateerde inligting en multimedia, se ondersteunersbasis het binne twee dae tot byna 50 gegroei.

Vir al die aksie van ons NWU Comrades 2010-reis, besoek ons op die NWU Comrades 2010 Facebook-groep by <http://www.facebook.com/group.php?gid=123996050957252>.

DOEN SO VOORT

Volgens mnr Louis Jacobs, Direkteur: Korporatiewe Kommunikasie, was die NWU se ondersteuningspoging 'n groot sukses.

“Ons sien al uit na volgende jaar se Comrades en wens die deelnemers sterkte toe met hul oefenprogramme. Ons het nou eerstehandse ervaring van watter enorme persoonlike uitdaging die Comrades vir ons hardlopers is, en ons kan hulle verseker dat die NWU hulle al die pad ondersteun,” sê hy.



Mnr Bertus le Roux van die Potchefstroom-kampus word deur me Marlene Nice bygestaan.

NWU-HARDLOPERS WYS HUL STAAL

Ons Comrades-atlete het die volgende tye behaal:

Dawid Janse van Rensburg	6:53:46
Jaco Barnard	6:59:00
Richard Mokoena	8:41:55
Rika Huyser	8:43:49
Cliff Wallace	9:14:32
Henro Erasmus	9:49:26
Kaizer Phakathi	10:00:11
Jan du Plessis	10:48:09
Debbie du Plessis	10:48:09
Elize van Eeden	10:53:38
Waldo Weyer	11:02:36
Johan Kriel	11:04:08
Dawid Jordaan	11:15:37
Louis van Staden	11:45:02
Koos Degenaar	11:49:20



Mnr Vincent Eastes help mnr Richard Mokoena van die Vaaldriehoek-kampus by die NWU se waterpunt. Richard het die wedloop in 8:41:55 voltooi.



'n Reis begin met 'n enkele tree, sê Raad se nuwe Ondervoorsitter

Die nuwe Ondervoorsitter van die NWU se Raad, mnr Thabang Makubire, is 'n kernfisikus wat glo dat enige reis met 'n enkele tree begin.

Hy glo dat die NWU só 'n eerste tree op die pad na transformasie gegee het met die hou van 'n Transformasie-colloquium in April 2010.

"Min instellings is dapper genoeg om self-onderzoek te doen soos wat die NWU by die colloquium gedoen het," sê hy.

Volgens hom is die colloquium 'n bewys van die NWU se bereidwilligheid om te verander – een van die kenmerke van die NWU waarvoor hy baie waardering het.

"Hierdie gees was al tydens die samesmelting in 2004 sigbaar. Hoewel die samesmelting 'n moeilike proses was, was dit van die begin af duidelik dat al die partye dit wou laat werk. Ek is bly om te sien dat hierdie gees vandag steeds by die Universiteit heers."



UITDAGINGS

Een van die grootste oorblywende uitdaginge is om seker te maak dat alle studente dieselfde gehalte onderwys ontvang, ongeag die kampus waar hulle ingeskryf is.

"Dit het tyd geword om aan te beweeg en ons daarop toe te spits om hoëgehalte-onderwys vir studente regoor die Universiteit te verseker. Die Universiteit het die konsep van voortgesette verbetering entoesiasies aanvaar – dit is immers waaroor die colloquium gegaan het – en dit moet uitgebrei word na alles wat die Universiteit doen."

Volgens Thabang, wat in Maart 2010 aangestel is, is sy rol as Ondervoorsitter om die Voorsitter, mnr Peet van der Walt, se las ligter te maak en daarmee seker te maak dat die Raad sy doelwitte bereik.

AGTERGROND

Mnr Thabang Makubire het aan die Tegniese Universiteit van Berlyn studeer waar hy in 1991 sy MSc in Kernfisika verwerf het. Hy is reeds sedert 1995 'n fisikus en is tans werksaam by Pebble Bed Modular Reactor Pty (Ltd).

Hy verteenwoordig die PBMR op die NWU se Raad van Donateurs en is in 2006 vir die eerste keer op die NWU-Raad verkies. Hy dien tans vir 'n tweede termyn as een van die vier donateurs uit die privaatsektor op die Raad. In sy hoedanigheid as Ondervoorsitter van die Raad, is Thabang ook 'n lid van die Uitvoerende Komitee.

Hy dien ook op die Transformasie-oorsigkomitee en die Mensontwikkeling- en Indiensnemingsgelykheidskomitee. Thabang vervang dr Sankie Mthembu-Mahanyele as Ondervoorsitter, nadat sy in Maart 2010 uit die Raad bedank het.

Mnr Thabang Makubire is die nuwe Ondervoorsitter van die Raad.



Om met jouself te praat, is hoogstens eksentriek.

Pret is dit nie.

Net so is eenrigting-kommunikasie via die Eish!

nie so opwindend soos tweerigting-kommunikasie nie.

Dit is waarom ons ons lesers hiermee wil aanmoedig om vir ons briewe te stuur vir ons brieweblad. Ons wil graag hoor wat julle, ons lesers, dink en voel.

Hier is 'n paar idees om die bal aan die rol te sit:

- In wie se skoene wil jy graag staan by die NWU en wáárom?
- In wie se skoene wil jy beslis nie staan nie en hoekom nie?
- Vertel vir ons hoe jy jou NWU-drasak wat saam met die vorige Eish! versprei is, gebruik.
- Lewer kommentaar oor die Eish!

Jy kan jou brief per e-pos stuur na nelia.engelbrecht@nwu.ac.za of per slakkepos na Nelia Engelbrecht, Bussie 260, NWU. Jy kan jou brief ook faks na (018) 299 4910.

Briewe – ook e-posbriewe – moet 'n bussienommer, die naam van die kampus en afdeling waar jy werk, en 'n kontaknommer hê. Briewe wat gepos of gefaks word, moet onderteken wees en briewe korter as 100 woorde geniet voorkeur.

Die redaksie van Eish! behou die reg voor om briewe te plaas al dan nie en om dit te verkort indien nodig. Geen briewe met lasterlike aanmerkings sal geplaas word nie en geen telefoongesprekke of korrespondensie sal oor briewe gevoer word nie. Ons kan briewe net onder 'n skuilnaam publiseer as die skrywer se regte naam en van ook verskaf word.

Komaan dus, gooi jou stuiwer in die armbeurs en laat weet ons hoe die wind in jou geweste waai. Jy kan selfs ('n bietjie) aandik as jy wil, of (as jy regtig moet) 'n berg van 'n molshoop maak.

As jy 'n mening het, lug hom!



Bestuur, SAPTU en die Staff Association het die LKA-ooreenkoms op 2 Junie 2010 onderteken. Agter van links is me Dorothy August, Registrateur van die Potchefstroomkampus, me Dorcas Lesenyehlo: Staff Association, me Nadia Linde: SAPTU, Jeanine Pires-Putter: SAPTU, mnr Alex Molefi: Staff Association, en mnr Anton Scheppel, Bestuurder: Arbeidsverhoudinge. Voor van links is mnr Monde Ndandani, Voorsitter: Staff Association, prof Madoda Zibi, Institusionele Direkteur: Diversiteit, Gelykheid en Menseregte, en mnr Pierre van Niekerk, Voorsitter: SAPTU.

NWU en vakbonde skik

Die onderhandelinge rondom die lewenskoste-aanpassings (LKA) is altyd vroegjaar op almal se lippe. En hoekom dan nou nie – dit beteken immers 'n ekstra geldjie in die sak! Maar weet enigiemand werklik wat tydens hierdie onderhandelinge gebeur?

Die LKA is 'n poging van die werkgewer om die werknemer in 'n soortgelyke finansiële posisie te plaas as wat hy sou gewees het in die voorafgaande maande.

Alhoewel die LKA 'n reg van die werknemer is, is dit 'n beperkte reg wat afhanklik is van bekostigbaarheid en die beskikbaarheid van fondse, en wat gedikteer word deur die verbruikersprysindeks (VPI).

Volgens die Departement van Onderwys se riglyne behoort instellings tussen 57,5% en 63% van hul eerstegeldstroom-inkomste aan salarisse en verhogings te bestee.

Die NWU se eerstegeldstroom-personeel-koste (as persentasie van subsidie-, klaggeld- en beleggingsinkomste) word tans begroot teen ongeveer 65,8% en die gedifferensieerde aanpassings wat teen Junie 2010 toegestaan is, beloop 'n allemintige R48,2 miljoen. Dit is dus voor die hand liggend dat die

Universiteit vir sulke aanpassings moet begroot, soos nou weer die geval is met die huidige begrotingsproses wat in Junie afgeskop het.

Die finale begroting vir volgende jaar se LKA sal in November tydens die Raadsvergadering ter tafel gelê word. Dit is nie nét Bestuur wat hier die besluite maak nie.

Die gedugte span wat aan die onderhandelinge deelneem, sluit ook verteenwoordigers van die erkende werknemerorganisasies in. Mnr Anton Scheppel, Bestuurder: Arbeidsverhoudinge, verteenwoordig onder andere Bestuur terwyl mnr Pierre van Niekerk en Monde Ndandani die voorsitters van onderskeidelik SAPTU en die Staff Association is.

Volgens Anton is daar drie dinge wat noodsaaklik is vir suksesvolle onderhandelinge:

- 'n Behoorlike mandaat – weet wat jy wil en kan doen.
- Wedersydse respek – daarsonder kan verhoudinge skipbreuk ly en die proses vertraag word.
- Realistiese verwagtinge – lewenskosteaanpassings is markgedrewe en hang van bekostigbaarheid en die beskikbaarheid van fondse af.

Elektroniese dokumentbestuur: nou 'n werklikheid!

Die term elektroniese dokumentbestuur is lank reeds iets waarvoor gefluister word in die gange van die NWU, en by Inligtingstegnologie Sentraal is dit nou al vir meer as 'n jaar lank 'n werklikheid.

Voorbrandwerk is daar beslis gedoen. Navorsing is gedoen, fondse gegeneer, besluite geneem, argitektuur en prosesse ontwerp en herontwerp, toetse en implementerings is gedoen en die tyd het uiteindelik aangebreek om almal hieraan bekend te stel.

Die stelsel word *Share* genoem en staan bekend as 'n "Enterprise Content Management"-stelsel, aangesien die totale lewensiklus van dokumente hierdeur bestuur sal word.

Met *Share* is dit moontlik om dokumente gerieflik met kollegas te deel, weergawe-beheer toe te pas en besprekingsforums te hê sonder om te e-pos.

Opsporing van dokumente is nou veel makliker en dokumente word volteks geïndekseer.

Die stelsel is ook beskikbaar van enige plek in die wêreld en personeel hoef nie meer geheuestafies rond te dra of dokumente op Novell-deelskywe te stoor nie.

Sekere besigheidsprosesse, waarvan die produksieproses van studiemateriaal die eerste is, word ook deur *Share* bestuur en word hierdie maand in produksie gestel.

Vir enige navrae – kontak gerus u Kampus-IT-hulplyn by:

Potchefstroom: x2700
Mafikeng: x2015 / x2017
Vaaldriehoek: X3328



Mnr Danie Rothman (links) is die Direkteur van die nuwe afdeling, Belastingdienste. Hy en mnr André Fourie (regs) sien saam toe dat die NWU aan die vereistes van die belastingwetgewing voldoen.

Betaal die keiser wat hom toekom, maar moet hom nie onnodig bederf nie

Belastingdienste sorg dat die NWU die spreekwoordelike keiser die belasting betaal wat hom toekom, maar dat die keiser terselfdertyd ook nie onnodig bederf word nie.

So sê mnr Danie Rothman, Direkteur van Belastingdienste, 'n nuwe afdeling by die Institusionele Kantoor.

Die omvangrykheid van die belastingwetgewing en die streng bepalinge van die Suid-Afrikaanse Inkomstebelastingdiens (SAID) veroorsaak dat belasting sake deesdae 'n potensiële mynfeld vir enige instansie is.

VERLAAG DIE RISIKO

Om die risiko vir die NWU te verlaag, het die Universiteit van vanjaar af 'n spesiale belastingafdeling wat verseker dat die instelling die toepaslike wette nakom.

Danie, wat voorheen die Direkteur van Interne Oudit was, word bygestaan deur mnr André Fourie. Nes Danie was André ook eers by Interne Oudit. Voor hy by die NWU aangesluit het, het André vir 20 jaar by SAID gewerk, waar hy waardevolle ondervinding opgedoen het.

“Dit is ons taak om belastingrisiko's vir die Universiteit te identifiseer en om voorkomende maatreëls in te stel om dit tot die minimum te beperk,” sê Danie.

HELP PERSONEEL

Die nuwe afdeling wil ook NWU-personeel bystaan. “Personeel moet weet dat hulp met die NWU se belastingaangeleenthede net 'n telefoonoproep ver is.”

Hulle gaan opleiding verskaf om personeel toe te rus om beter besluite oor belasting sake te kan neem. Dié opleiding behoort nog vanjaar te begin.

Volgens Danie hou belasting sake talle potensiële slaggate in. 'n Navorsingsentiteit kan byvoorbeeld 'n kontrak sluit met 'n oorsese kliënt en nalaat om BTW apart te spesifiseer. Dit gebeur wanneer hulle aanvaar dat 'n mens nie BTW hoef te betaal in die geval van 'n transaksie met 'n buitelandse maatskappy nie.

So 'n aanname sal meebring dat die betrokke eenheid later self 14% van die totale bedrag aan SAID moet oorbetaal, sonder dat hulle

dit in hul prys verreken het. Op 'n transaksie van R10m kan dit kan dus beteken dat die entiteit R1,4m moet oorbetaal.

VERMY SLAGGATE

Om sulke slaggate te vermy, stuur die NWU se Institusionele Regsdienste nuwe kontrakte by voorbaat na Belastingdienste sodat hulle kan seker maak dat die belastingaspekte in die kontrakte in orde is.

Belastingdienste dien ook as skakel tussen die Universiteit en SAID en het reeds verskeie sake tussen die NWU en SAID suksesvol afgehandel. Hulle beding ook elke jaar die formule waarvolgens die persentasie BTW wat die Universiteit van SAID kan terugeis, bepaal word. Dié persentasie is tans 42%. Dit beteken dat 'n skool wat inkomste uit onderrig kry én van buite-instansies, 42% van die BTW wat die skool op sy uitgawes betaal het, kan terugeis.

Onder Belastingdienste se wakende oog lyk dit na 'n wen-wen situasie: die NWU en sy personeel word beskerm teen onnodige boetes en hofgedinge, terwyl die keiser kry wat hom toekom.

Hy ken die fyn voetwerk tussen akademie en industrie

Prof Lucas Venter, wat van 1 Mei af aangestel is as die NWU se nuwe Institusionele Direkteur: Navorsingsondersteuning, se kennis van navorsing in 'n akademiese omgewing én in die industrie kan die NWU handig te pas kom.

Ná sy vroeëre jare as dosent – eers aan die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (1982 - 2000) en later aan Unisa (2001-2009) – weet hy wat vir navorsers in 'n akademiese omgewing belangrik is.

Hy het ook waardevolle kennis opgedoen van wat die industrie se navorsingsbehoefes is toe hy van 2009 tot 2010 by die Eenheid vir Tegniese Ontwikkeling van die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) se Maraka-instituut gewerk het.

HULLE VRAE VERSKIL

“Ek het besef dat die nywerheid en akademië verskillende vrae vra. Die nywerheid vra byvoorbeeld of 'n produk bemerkbaar is, terwyl akademië vra of hul navorsing wetenskaplik gefundeerd is. 'n Selfoon wat baie ingewikkelde tegniese detail bevat, is nie noodwendig bemerkbaar nie, omdat dié spesifieke detail nie vir die betrokke teikenmark belangrik is nie.”

Volgens prof Lucas verstaan hy hierdie onderliggende 'spanning' tussen die nywerheid en die akademiese wêreld en sal hy alles in sy vermoë doen om die NWU se navorsers by te staan om dit te oorbrug. “Dit is immers waarom ek hier is: om die Universiteit se navorsers te ondersteun,” sê hy.

Dié ondersteuningstaak behels hoofsaaklik die hantering van die NWU se subsidie-aansoek by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding, en die verkryging van ander navorsingsfondse. Dié ander bronne van befondsing sluit byvoorbeeld die Nasionale Navorsingstigting (NNS) en die industrie in.

GOEIE KOMMUNIKASIE

“Ons wil 'n goeie kommunikasiestelsel met ons navorsers vestig, sodat ons hulle betyds

kan inlig oor al hierdie moontlike bronne van befondsing,” sê hy.

Wanneer die navorsers hoor van 'n befondsingsgeleentheid, moet hul navorsingsvoorstelle reeds gereed wees – hulle moet proaktief wees om die geleentheid behoorlik te kan benut. “Ons moet dus 'n kultuur vestig waarin navorsers doelbewus fondse najaag en vir elke moontlike geleentheid aansoek doen.”

Volgens prof Lucas is daar twee dinge wat sy ondersteuningsrol vergemaklik, naamlik die personeel van Navorsingsondersteuning en die NWU se model vir navorsingsentiteite. “Die span met wie ek saamwerk beïndruk my werklik. Hulle is entoesiasties en toegewyd en verstaan dat ons hier is om diens te lewer.”

Ook die navorsingsentiteite-model beïndruk hom. “Een van die groot voordele van die model is dat dit baie ruimte laat dat entiteite en selfs nuwe navorsingsvelde kan ontwikkel en tot volwassenheid groei.” Dit is vir hom dan ook belangrik dat 'n navorser 'n oop gemoed moet hê. “'n Navorser moet bereid wees om die grense van sy eie navorsingsgebied te toets en te verskuif indien nodig,” sê hy.

SWEEFTUIE EN STAMVADERS

Wanneer prof Lucas nie werk nie, beoefen hy 'n hele paar stokperdjies. Hy is 'n amateur-mesmaker en as lid van die Suid-Afrikaanse Modelvliegtuig-vereniging het hy al modelsweeftuie gebou. Hy het ook 'n sertifikaat in genealogie en kan sy familiegeskiedenis terugvoer tot by die stamvader van die Suid-Afrikaanse Venter-familie. Dié is Heinrich Venter wat al vóór 1680 van Hamelin, Duitsland af in die Kaap aangekom het. En nee, hy was nié die fluitspeler van Hamelin wat in die sprokie die rotte agter hom aan gelok het nie...



Prof Lucas Venter

'n Balanseertoertjie van 'n ander aard

Prof Mogege Mosimege, Viserektor: Onderrig-Leer en Navorsing op die Mafikengkampus, sit baie stoele warm. Dit is darem nie die spreekwoordelike "hot seats" nie, maar eerder dié van verskeidenheid.

In sy amptelike hoedanigheid (of stoel) is hy verantwoordelik vir twee van die NWU se kernbesighede, naamlik onderrig-leer en navorsing, op die Mafikengkampus. Asof dit nie op sigself 'n balanseertoertjie verg nie, sit hy ook in sy persoonlike hoedanigheid verskeie stoele vol: hy is 'n wiskundige, 'n Wiskunde- en Wetenskap-opvoeder, 'n kundige oor inheemse kennisstelsels, en 'n musikant wat as koördirigent optree, sing, komponeer en klavier en orrel speel.

ONDERSTEUNING VAN PERSONEEL

Prof Mogege, 'n alumnus van die voormalige Universiteit van Noordwes (Bophuthatswana), stel egter nie net in sy eie groei en ontwikkeling belang nie. Hy hou ook daarvan om personeel op die Kampus te ondersteun wat gretig is om te groei.

"Niks verstom my meer en is vir my meer bemoedigend as om mense – wat asof van nêrens kom – te sien ontwikkel en presteer nie," sê hy.

"Gedurende die afgelope drie jaar wat ek op die Kampus was, het ek 'n merkwaardige groei in die navorsingsuitset gesien. Ek het ook 'n positiewe gees waargeneem onder die akademië, wat besef het dat sodanige groei wel moontlik is."

Van 2007 tot 2008 het die navorsingsuitset in geakkrediteerde tydskrifte feitlik verdriedubbel, met 'n styging vanaf 10,08 tot 26,13 eenhede. Van 2008 tot 2009 het die navorsingsuitset vanaf 26,13 tot 32,31 eenhede toegeneem. Prof Mogege glo dit is moontlik dat die Kampus teen die einde van 2011 ten minste 80 eenhede sal lewer.

Prof Mogege glo daarin om die voorbeeld stel wanneer dit by navorsingsuitset kom. In 2009 het hy 'n artikel in 'n geakkrediteerde tydskrif en 'n hoofstuk in 'n boek gepubliseer. Hy het ook al meer as 100 aanbiedings by nasionale en internasionale konferensies en werksinkels gemaak, meer as 30 artikels in geakkrediteerde tydskrifte gepubliseer, en konferensie-aanbiedings en hoofstukke in boeke geëvalueer.

10 JAAR VAN NOU AF

Prof Mogege se visie vir die volgende 10 jaar is onder meer om die huidige slaagsyfer van 84,17% effens te verbeter. Hy beklemtoon egter die feit dat die Kampus nie net moet probeer om hoër syfers na te jaag nie. Dit moet ook 'n prioriteit wees om onderrig- en assesseringsmetodes te verbeter en kwaliteitstudente te ontwikkel.

Tweedens glo hy die Kampus moet voortgaan om personeel op die hoogste vlakke moontlik te werf en aan te stel en huidige personeel aan te moedig om hul kwalifikasies te verbeter.

Die Kampus het reeds die teiken vir 2010 bereik, met 35% van die permanente akademiese personeel wat PhD's het, vergeleke met slegs 19% in 2006.

Derdens wil hy toesien dat personeel die beste dosente moet wees wat hulle moontlik kan wees. "Hulle moet nie net hoogs gekwalifiseer wees nie, maar moet ook hulle kennis aan studente kan oordra, en hulle bemagtig om uit te blink."



WYSHEID VAN BO

Vir 'n leier op die Kampus, soos prof Mogege, is strategiese bestuursvaardighede noodsaaklik – asook 'n goeie skout wysheid, veral wanneer hy moeilike situasies hanteer.

“Ek glo nie daarin om halsoorkop in 'n oplossing in te vaar nie. As jy nie al die verskillende opsies en al die feite – of die meeste daarvan – oorweeg nie, gaan jy waarskynlik die verkeerde besluit neem.

“Aan die ander kant moet jy ook nie onnodig uitstel nie. En moenie vergeet om vir wysheid van bo te vra nie,” sê hy.

Prof Mogege is reeds langer as 25 jaar 'n Kaizer Chiefs-aanhanger, en het die Wêreldbeker geweldig geniet. Hoewel sy voorspelling dat Brasilië en Spanje in die eindstryd sou speel nie korrek was nie, is hy bly dat minstens een van die twee spanne (Spanje) die eindstryd gehaal het en die beker gewen het.

Inheemse kennis maak dit makliker om Wiskunde te verstaan

Toe prof Mogege in April 2007 by die NWU aangesluit het, het hy reeds agt jaar lank op die gebied van inheemse kennisstelsels gewerk. Hy was vir vier jaar lank aan die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) verbonde, en nog vier jaar aan die Departement van Wetenskap en Tegnologie (DWT).

Waar het sy belangstelling in inheemse kennis ontstaan? Tydens sy jare as Wiskunde-dosent – eers aan die Taung Onderwys-kollege en later as dosent in Wiskunde- en Wetenskap-onderrig aan die Universiteit van die Noorde – het prof Mogege besef watter uitdaging dit vir sommige leerders is om Wiskunde te bemeester.

Hy het daarna 'n meestersgraad in Wiskunde-onderrig en nog een in Wetenskap-onderrig behaal om te verseker dat onderrysstudente toegerus word vir die uitdagings op hierdie gebiede. In sy pogings om die uitdagings van Wiskunde te verstaan en die hoof te bied, het hy besef dat dit 'n oplossing kan wees om kultuur en inheemse kennis – soos inheemse speletjies – te gebruik om Wiskunde te onderrig.

Dit het gelei tot sy PhD oor hoe Wiskunde in 'n kulturele konteks bestudeer kan word. Dit is 'n gebied van Wiskunde wat Etnowiskunde genoem word. Hy het dié graad in Maart 2001 aan die Universiteit van die Wes-Kaap behaal, en daarna voortgegaan met postdoktorale studies aan die Universiteit van Georgia, in Atlanta, VSA.

Tydens sy jare by die WNNR as Bestuurder vir Inheemse Tegnologie in die Afdeling Tegnologie vir Ontwikkeling, was hy aan die hoof van die veldtog om inheemse tegnologie in die wyer raamwerk vir inheemse kennisstelsels uit te brei.

Terwyl hy in die Departement van Wetenskap en Tegnologie gewerk het, was hy die leier van 'n span wat betrokke was by die ontwikkeling van die IKS-beleid. Dié beleid is in November 2004 gefinaliseer en bekend gestel.

SY VORKEURE

Gunstelingkos: Gestoomde brood met 'Tshotlho' of 'diretlo' (Setswana-vleisdissie). Hy hou ook van vegetariese kos.

Gunstelingboek: Outobiografieë soos *A long walk to freedom* (President Nelson Mandela) en *Dreams of my father* (President Barack Obama), wat hy tans lees.

Dit verstom my oor mense: 'n Gees van volharding en deursettingsvermoë wat mislukking in sukses omskep.

Dit maak my gelukkig: Die wesenliking van 'n droom en bereiking van 'n doelwit, en om te sien hoe ander hulle s'n bereik.


Beroemde persoon met wie ek sal wil gesels: Madiba – ek wil hom graag vra wat hom so 'n sterk en vergewensgesinde mens gemaak het.

Wat ek doen om te ontspan: Ek sing in 'n kerksanggroep genaamd *Total Praise* (ek was een van die medestigters in 1998). Hierdie groep het al twee CD's opgeneem, en werk tans aan die derde. Ek sing ook saam met my gesin en dirigeer 'n kerkkoor.

My gunstelingbestemming: Kaapstad en Spanje.

My toekomsdroom: NNS-gradering en om 'n meestersgraad in Korporatiewe Reg met 'n fokus op Intellektuele Eiendom te behaal en om die Comrades-marathon af te lê.

My gesin: My vrou se naam is Keolebogile, en ons het twee seuns – Tshepo, 21, en Tlotlo, 15 – en 'n dogter, Reabetswe, 19.





Dr Neo Morei is die eerste swart vrou op die Mafikengkampus wat 'n LLD-graad ontvang het. Prof Mogege Mosimege, Viserektor: Akademie, wens haar geluk.

Sy maak geskiedenis

Daar is minder as tien swart vroue in die land met 'n LLD-graad, en een van hulle is ons eie dr Neo Lenah Morei.

Dr Neo is ook die eerste vrou verbonde aan die Fakulteit Regte op die Mafikengkampus om hierdie mylpaal te bereik.

Dr Neo het die grade BJuris, LLB en LLM verwerf, en vervolgens haar LLD voltooi met 'n proefskrif getiteld "A critical analysis of the impact of the Constitution on the legal position of unmarried fathers in South African law".

Hoofregter van die Konstitusionele Hof, Yvonne Mokgoro, het die gradeplegtigheid bygewoon en haar groot vreugde te kenne gegee oor dr Neo se besondere prestasie. "Ek is trots op jou en ek hoop jy sal voortgaan om Regte te onderrig in die konteks van die praktyk," het sy gesê.

Dr Neo is tans die Waarnemende Direkteur van die Skool vir Voorgaadse Studies in die Fakulteit Regte, en haar volgende doelwit is om professor te word. Haar raad aan vroulike studente is: "Dit is moontlik, dis moontlik – dit is só moontlik. Maar jy moet volhard; jy moet fokus en jou prioriteite bepaal. Onthou: dis 'n proses; nie iets wat oornag gebeur nie."

Sielkundige voel tuis

Prof Sonia Swanepoel, die nuwe Dekaan van die Fakulteit Handel en Administrasie op die Mafikengkampus, is gereed om die bul by die horings te pak en haar behoorlik in te grave in haar nuwe werksomgewing.

Sy is 'n geregistreerde Bedryfsielkundige en het haar reeds in 1982 in die akademie begeef ná 'n kort tydjie in die privaatsektor. Aan die Tegnikon Pretoria, wat later saamgesmelt het om die Tshwane Universiteit van Tegnologie te vorm, is sy eers bevorder tot senior lektor, toe tot departementshoof en uiteindelik tot Dekaan van die Fakulteit Bestuurswetenskappe.

Volgens prof Sonia voel sy sommer baie tuis op die Mafikengkampus en is die goeie ondersteuning van topbestuur en die positiewe kultuur op kampus twee van die vele positiewe dinge wat uitstaan.

Prof Sonia is opgewonde oor hierdie nuwe uitdaging en verduidelik dat sy 'n tweevoudige doelwit het: "Ek wil verseker dat ons hoëgehaltestudente aan die industrie lewer EN terselfdertyd 'n navorsingskultuur in die Fakulteit skep en ontwikkel."



Prof Sonia Swanepoel is die nuwe Dekaan van die Fakulteit Handel en Administrasie op die Mafikengkampus.

Vrije Universiteit en Sokker-instituut werk saam

Die Vrije Universiteit van Amsterdam doen in samewerking met die Nasionale Navorsingstigting navorsing by die Sokkerinstituut in Mafikeng.

Hulle is tans besig met drie gelyklopende projekte. Die eerste projek fokus op video-ontleding van wedstryde van kleiner as normale spanne ("small-sided teams") om te bepaal of werklikewêreld-netwerke in sokker bestaan.

Hierdie navorsing kan aanleiding gee tot die ontwikkeling van 'n nuwe metode om sokkerwedstryde te ontled.

ten einde afrigters en spanne se prestasie te verbeter.

Die tweede projek fokus ook op spelers wat in sulke kleiner as normale spanne aan wedstryde deelneem, en is gebaseer op video-ontleding sowel as fisiese meting van die spelers.

Die derde navorsingsprojek ondersoek die visuele soekgedrag van spelers terwyl hulle 'n vryskop uitvoer.

Die afrigters sal die navorsingsresultate gebruik om die spelers van die Sokkerinstituut se prestasie te verbeter.



So lyk die skoenlapper wat na dr David Edge en sy vrou vernoem is. Die skoenlappers word in die Waterberge aangetref. Links is die mannetjie en regs die wyfie se bo- en onderkant.

Skoenlapperspesie kry NWU-lektor se naam

Hy is beter bekend vir die aanvoorwerk wat gedoen is om die wêreldbekende Brenton Blue-skoenlapper van uitwissing te red, maar nou is 'n ander skoenlapperspesie na dr David Edge en sy vrou vernoem.

Volgens prof Henk Bouwman van Dierkunde is die eerste eksemplaar van die skoenlapper - die Tilodi- of Waterberg Copper-skoenlapper (*Eriksonia edgei*) - eintlik deur dr David se vrou Esmé gevang toe hulle skoenlappers in die Waterberg versamel het.

Opgewondenheid oor dié eer wat die Edge-egpaar te beurt geval het, word gedemp deur die feit dat die skoenlappergetalle aan die afneem is as gevolg van die 'n verandering in boerderypraktyke in die omgewing waar dit voorkom en dat die gebied nie meer so dikwels afgebrand word as in die verlede nie.

Dr David, wat in Knysna woon, is vanaf 2009 'n buitengewone senior lektor by die Skool vir Omgewingswetenskappe en Ontwikkeling in die nagraadse program oor Biodiversiteit en Bewaringsekologie.

Naam verewig met kristalwier

'n Spesie kristalwiere is na dr Jonathan Taylor, kurator van die Suid-Afrikaanse Nasionale Kristalwier-versameling wat deur die Skool vir Omgewingswetenskappe gehuisves word, vernoem.

"Dit is vir my 'n groot verassing en kompliment om my naam op hierdie wyse vir die nageslag te bewaar," sê dr Jonathan.

Die naam *Muelleria taylorii* is aan 'n organisme gegee wat dr Jonathan in 2005 op die *Sentinel Peak* voetslaanpad in die Drakensberg in die Vrystaat gevind het.

Volgens dr Jonathan behoort kristalwiere tot die groep organismes wat algemeen bekend staan as alge. Kristalwiere kan egter van ander groepe alge onderskei word omdat hulle 'n selwand het wat hoofsaaklik uit glas (*silica*) bestaan.



Dr Jonathan Taylor wys na 'n voorbeeld van die kristalwier wat na hom vernoem is.

Die NWU het onlangs die kurator van die SA Nasionale Kristalwier-versameling geword. Verskeie projekte is tans aan die gang met beide nasionale en internasionale befondsing met die doel om kristalwier-gebaseerde watergehalte-moniteringsprotokolle te ontwikkel.

Leierskapsprogram vir Voeding in Afrika 2010

Sedert 2002 is daar reeds agt tiendagseminare van die *African Nutrition Leadership Programme* (ANLP) in Suid-Afrika gehou.

ANLP is 'n seminaar vir leierskapsontwikkeling en netwerkvorming wat daarop gerig is om die leierskapvermoëns van die toekomstige leiers op die gebied van menslike voeding in Afrika te ontwikkel.

Die program is ontwerp vir individue wat ondervinding in verskeie areas van voeding het.

Volgens prof Johann Jerling van die Skool vir Fisiologie, Voeding en Verbruikerswetenskappe, is een van die doelwitte van die ANLP om leierskapvermoëns van mense betrokke op die gebied van kos, voeding en gesondheid in Afrika te ontwikkel, maar ook om 'n sterk Pan-Afrikanetwerk vir voedingsleiers te vestig waarin die NWU 'n sleutelrol speel.

"Dwarsoor Afrika bevind akademiesopgeleide voedingberoepslui hulle in leierskapsposisies op 'n baie jong ouderdom en beleggings in die leierskapontwikkeling van hierdie persone is deel van die langtermynoplossing van die meeste kwessies wat Afrika in die gesig staar," sê prof Jerling.

Tot dusver het 192 kandidate van dertig verskillende Afrikalande aan die opleidingsprogram vir leierskapontwikkeling deelgeneem en is nou ook lede van die ANLP-netwerk.

'n Aantal van die opvolgseminare word in Namibië, Ghana en Kenia tussen 2010 en 2012 gehou.



'n Nuwe dag breek... Wie sal nie ook graag op die Vaaldriehoek Kampus wil werk nie? 'n Tipiese wintersoggend deur die lens van me Annette Willemse, Bestuurder: Korporatiewe Kommunikasie.

Navorsingsvoordragte die fokus van die colloquium

Navorsing, praktiese toepassing en die bevordering van 'n interaktiewe navorsingskultuur was die fokus van 'n unieke colloquium wat onlangs deur die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie gehou is.

Tydens hierdie geleentheid het nagraadse studente binne die Fakulteit – wat tans besig is met hul honneurs-, meesters- en doktorale studies – die geleentheid gehad om nie net hul navorsingsvoordragte voor te hou nie, maar ook terugvoer van beide akademië en mede-studente te geniet.

Akademië binne die Fakulteit het hulle vakkundige en navorsingskundigheid gebruik om die studente te help om hul navorsingsonderwerpe gereed te kry vir finale voorlegging. Volgens dr Pieter Vosloo, koördineerder van die colloquium, was die doelwit daarvan om 'n besprekingsforum te skep waartydens personeel en studente in terme van navorsing en navorsingsuitsette interaksie kan hê. Dié colloquium sal voortaan 'n gereelde gebeurtenis binne die Fakulteit wees.

Viserektor besoek Harvard

Die Viserektor van die Vaaldriehoek Kampus, prof Linda du Plessis het 'n gesogte leierskapsprogram vir senior leierskap by die wêreldbekende Harvard Universiteit in Amerika bygewoon.

Volgens prof Linda het hierdie eenmalige geleentheid 'n "alles-omvattende" belewenis verteenwoordig. Deelnemers kon hul leierskapsvaardighede assesser, hul toewyding ten opsigte van hoërsonderwys hernu en tasbare strategieë vir langtermyn institusionele sukses ontwikkel.

Die veld van hoërsonderwys staan tans oorweldigende uitdagings in die gesig verduidelik prof Linda. Sy sê dat faktore soos ekonomiese onstabielheid, verhoogde verantwoordbaarheid, nuwe mededingers en demografiese veranderinge – om net 'n paar voorbeelde te noem – 'n groot impak op universiteite het.

"Die doel van hierdie leierskapsprogram was om nie net bestaande strategieë op die proef te stel nie, maar ook om nuwe vaardighede te bemeester ten einde langtermyn sukses te verseker" sê sy.

Kantoor spog met nuwe baadjie

Die Institusionele Kwaliteitskantoor spog deesdae met 'n splinternuwe baadjie. Behalwe vir dr Jannie Jacobsz, Direkteur van die Kwaliteitskantoor, is die struktuur so verander dat daar nou twee kwaliteitsbestuurders is.

Me Johanna Müller is die Kwaliteitsbestuurder: Ondersteuningsdienste en me Antoinette Vermeulen die Kwaliteitsbestuurder: Akademiese Programme. Albei sal onder andere die interne en eksterne evaluering van hul betrokke portefeuljes behartig.

Mnr Tommy Pietersen is sedert 1 Julie aangestel as Senior Administratiewe Beampte, terwyl mnr Cobus Kruger vir 'n jaar sy internskap by dié kantoor doen. Beide jong mans is besig met hul meestersgrade.



Dr Jannie Jacobsz



Me Johanna Müller



Me Antoinette Vermeulen



Mnr Tommy Pietersen



Mnr Cobus Kruger

Loopbaansentrum staan sy kinderskoene behòòrlik vol

Die span van die Loopbaansentrum is voor van links me Hope Abrahams, Sekretaris, me Bernice Smit, Bestuurder en me Anell van Pletzen, Skakelbeampte: Potchefstroomkampus. Agter is mnr Sydney Vos, Skakelbeampte: Vaaldriehoekskampus, mnr Clayton Wallace, Skakelbeampte: Mafikengskampus en me Alta van den Berg, Senior Administratiewe Beampte.



Van die 23 instellings vir hoër onderwys in Suid-Afrika lewer die NWU se Loopbaansentrum die tweede beste diens aan werkgewers.

Dit blyk uit 'n opname wat die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Graduandierwing (Engels: *South African Graduate Recruitment Association (SAGRA*)*) in 2010 onder werkgewers gedoen het.

In die opname het die werkgewers ook aangedui dat hulle die NWU se loopbaanuitstallings as die vyfde beste in die land beskou. Daarby teiken hulle die NWU die negende meeste vir werwing onder graduandi.

Wat dié prestasies so besonders maak, is die feit dat die NWU se Loopbaansentrum nog in sy kinderskoene staan – dit is eers in 2008 begin.

Dit is vir me Bernice Smit, die Bestuurder van die Loopbaansentrum, belangrik om te weet hoe die NWU met soortgelyke loopbaansentra in die hoëronderwyssektor vergelyk. "Ons is baie in ons skik met die NWU se prestasie – dit moedig ons aan om ons dienste steeds te verbeter," sê sy.

**SAGRA is 'n professionele liggaam wat daarop gemik is om die werwing van graduandi te bevorder.*

Ex gratia-verlofavonture!

Die ex gratia-verlof was vir ons almal 'n heerlike bederf, en ons glo almal het hierdie pasella laatslaap-doen-wat-jy-wil-tyd optimaal benut.

Vier gelukkige kollegas het boonop die spreekwoordelike kersie op die koek gekry toe hulle elk 'n korporatiewe geskenk losgeslaan het met hul wen-inskrywings vir ons kompetisie.

Me Chimoné Barends, 'n opleidings-beampte by die Departement Finansies: Stelselbeheer en Verslaglewering in die Institusionele Kantoor, en haar gesin het besluit om hierdie twee weke die Kaap te besoek.

"Ons het regtig 'n ongelooflike vakansie gehad. Die weer was warm – eintlik heel ongehoord vir hierdie tyd van die jaar.

Ons kon so baie doen en sien – van die Bainskloofpas met al sy nou kronkels en draaie, die Victoria en Alfred-Waterfront, Kampsbaai, Bloubergstrand, die Two Oceans Akwarium, Ratanga Junction en natuurlik die sokkerstadion in Groenpunt. Ons laaste paar dae het ons in die Noord-Kaap Upington-omgewing by my suster deurgebring.

Nogmaals baie, baie dankie vir die ex gratia-verlof!"

Me Chimoné Barends en haar twee seuns, Dylan (voor) en Juandré (agter), op Bloubergstrand.



Me Joey Potgieter, 'n senior komiteelid by die Potchefstroomkampus se Sekretariaat het kreatiwiteit die oorhand laat kry...

"Dit word bevestig dat die Spanjaarde na Potchefstroom kom en dat personelede vir twee weke ex gratia-verlof kry. Dadelik begin die kreatiwiteit krewel. Iets moet in daardie tyd gedoen word.

Die Poskantoor help mee en 'n boek uit Engeland met hekelpatrone vir meer as 200 blokkies word afgelewer. Wat nou?

'n Kombers moet dit wees, maar watter patroon? My voorletters moet daar wees,




die jaartal, en die belangrikste: twee sokkerballe. Weer tel en meet en pas en... die kombersie is klaar!

Te koop? Nee beslis nie, en te huur teen 'n sent 'n uur is gans te goedkoop. Dus stuur ek maar net dié foto."

Me René Vermeulen (heel links) saam met haar dogter, Dané, en 'n vriendin, me Santie Botha, op 'n rooi duin in die Kalahari gedurende 'n 4x4-toer.



Me Carina van Wyk van die Sentrum vir Gemeenskapsreg en Ontwikkeling op die Potchefstroomkampus het dié foto van die Victoria-waterval in Zimbabwe geneem.



Rektor van die Mafikengkampus word lid van die Umalusi-Raad

Die Rektor van die Mafikengkampus, prof Dan Kgwadi, is onlangs benoem as lid van die derde Umalusi-Raad vir Gehalteversekering van Algemene en Verdere Onderwys en Opleiding.

Hy sal vir 'n termyn van vier jaar op die Raad dien, van Junie 2010 tot Junie 2014.

Die Umalusi-Raad stel en monitor standarde vir algemene en verdere onderwys en opleiding in Suid-Afrika – ingevolge die Wet op Gehalteversekering van Algemene en Verdere Onderwys en Opleiding van 2001.

Die Raad word gerig deur artikel 58 van hierdie wet, en die lede word aangestel deur die Minister van Basiese Onderwys, me Angie Motshekga.

Die Raad is tans verantwoordelik vir die sertifisering van die volgende kwalifikasies in algemene en verdere onderwys en opleiding: Senior Sertifikaat, Nasionale Senior Sertifikaat, Nasionale Tegniese Sertifikaat, Nasionale Beroeps- en Algemene Onderwys en Opleiding-sertifikaat.



Prof Dan Kgwadi



Die NWU se begrotingsproses vir 2011 vorder fluks. Hier sorg prof Johan Rost, Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite, saam met me Antoinette Vosloo, Senior Rekenmeester: Bestuursrekenmeestersdienste (links) en me Elmarie de Beer, Hoofdirekteur: Finansies, (regs) dat die begrotingseenhede van die NWU se 'spaarvarkies' vir 2011 volgemaak word.

En die **wenners** is...

Baie geluk aan die volgende kollegas wat elk 'n korporatiewe geskenkpak gewen het:



Institusionele Kantoor: Me Edwina Fransman, senior bestuursinligting-spesialis in die Departement Bestuursinligting



Mafikengkampus: Prof Kobus Cronje, Medeprofessor: Vervoereconomie en Logistieke Bestuur



Potchefstroomkampus: Prof Jeanetta du Plessis, Direkteur: Navorsingseenheid vir Geneesmiddelnavoring en -ontwikkeling




Vaaldriehoekkampus: Me Maggie de Beer, sekretaresse, Studente-ontwikkeling

Baie dankie aan almal wat deelgeneem het – ons het behoorlik 'n klomp inskrywings van elke besigheidseenheid van die NWU ontvang. As jy hierdie keer nie so gelukkig was nie, is daar nou wéér 'n kans om aan ons opwindende kompetisie deel te neem.

WEN!-WEN!-WEN!

Jy kan 'n korporatiewe **geskenkpak wen** – vind net hierdie **10 antwoorde!**



3.



Identifiseer die nabyskote en verskaf die bladsynommers waar hulle verskyn.



5.



- 6: Hoeveel van die Institusionele Kantoor se begrote uitgawes is direkte kampus-uitgawes?
7: Wat was Kaizer Phakathi se tyd in die Comrades Marathon?
8: Wie is die Ondervoorsitter van die Raad?
9: Wat is die naam van die elektroniese dokumentbestuurstelsel?
10: Watter nasionale sokkerspan ondersteun prof Mogege Mosimege?

STUUR JOU ANTWOORDE AAN:

Pos: Marelize Santana, Interne bussie 260

E-pos: Marelize.Santana@nwu.ac.za met Eish! in die onderwerpblökkie.

Onthou: Noem ook asseblief jou personeelnommer, titel, voornaam, van, postitel, naam van jou afdeling en kampus

Die eerste korrekte inskrywing per besigheidseenheid wat getrek word, sal 'n prys losslaan!

Mense wat myle stap


Soos in die vorige uitgawes wil Eish! weer eens erkenning gee aan al die NWU-kollegas wat altyd bereid is om die ekstra myl te loop in hul daaglikse werksverrigting.



CHARMAINE STONE



DIKELEDI BUSANG



PIERRE VOLSCHENK



CHRISTINE VAN AARDT



MANINI KGANAKGA

Volgens me Alta Lodewyk, mensehulp-bronpraktisyn in die Departement Mensehulpbronne in die Institusionele Kantoor, is **me Charmaine Stone**, sekretaresse van die departement, 'n wonderlike mens. "Sy is altyd vriendelik en behandel haar kollegas en bestuurshoof met respek. Sy sal jou altyd help en doen altyd moeite," sê sy.

Me Dikeledi Busang, 'n klerk in die Departement Finansies op die Mafikengkampus word uitgesonder vir die uitsonderlike werk wat sy doen. "Sy is werklik 'n inspirerende voorbeeld vir personeel en studente. Sy word nooit kwaad nie en glimlag altyd," prys me Mamogale Tlholoe, 'n administratiewe beampte by die Departement. "Ek moedig graag personeel aan om 'n les of twee by haar te kom leer!"

Nog 'n personeellid wat baie verder as die spreekwoordelike myl loop in die verrigting van sy dagtaak, is **mnr Pierre Volschenk**, Direkteur van Akademiese Steundienste (AS) op die Potchefstroomkampus. Al die ASSERS is dit eens dat hy uit sy pad gaan om ander te help en een van die beste bestuurders op die NWU is. "Sy empatiese luisteringesteldheid, logiese oplossings vir take en probleme wat daaglik op sy tafel land en puik humorsin maak van hom 'n onmisbare skakel," sê hulle.

Me Ronel Ward, sekretaresse van die Dekaan: Fakulteit Geesteswetenskappe op die Vaaldriehoekskampus gebruik graag

hierdie geleentheid om **me Christine van Aardt**, sekretaresse van die Direkteur van die Skool vir Tale te nomineer. "Sy loop regtig die tweede en selfs die derde myl – en dit met 'n glimlag en 'n huppel in haar stap!" Sy is nie net baie professioneel nie, maar ook uiters hulpvaardig en vriendelik," sê sy.

Me Manini Kganakga, Bestuurder: Kortkursusse in die Departement Akademiese Ontwikkeling en Ondersteuning van die Institusionele Kantoor is volgens me Yolandi Cloete, sekretaresse van dieselfde kantoor altyd bereid om die tweede myl te loop. "Manini is 'n baie gemotiveerde persoon en maak 'n groot bydrae tot elkeen van ons werk- en persoonlike lewens," prys Yolandi. "Sy is altyd bereid om te help en uiters bekwaam."

Volgens mnr Brighton Kaonga, deelydse laboratoriumtegnikus in die Departement Chemie op die Mafikengkampus, verdien **mnr Chester Muruluna**, ook 'n laboratoriumtegnikus, spesiale vermelding. "Chester werk baie hard en sal nie skroom om laat te werk sodat iemand sy of haar werk kan voltooi nie," sê hy. Dit is sy passie om ander te help."

"Johan is 'n toppresteerder." So sê mnr Danie Stoop, Hoof van die Departement Elektroniese Dienste op die Potchefstroomkampus. Volgens Danie is **mnr Johan Kriel**, 'n junior tegnikus van dieselfde departement, altyd behulpzaam.



JOHAN KRIEL



ANNA-MARIE VAN DER ELST

"Hy draf gereeld op kampus rond, besig om foutiewe elektronika te herstel en maak vriende oral op die Kampus."

Nóg 'n kandidaat wat nie bang is vir die tweede myl nie, is **me Anna-Marie van der Elst**, Bestuurder: Finansies op die Vaaldriehoekskampus. "Ek glo nie haar dagtaak is altyd maklik nie, maar sy doen meer as haar bes vir haar kliënte," sê me Ronel Strydom, sekretaresse in die kantoor van die Hoofdirekteur: Finansies en Fasiliteite. "Haar personeel is vir haar belangrik en sy is 'n bestuurder met integriteit en finesse."

As jy graag 'n kollega wat die tweede myl in die uitvoering van sy/haar daaglikse pligte stap, wil nomineer, stuur gerus 'n e-pos aan Marelize.Santana@nwu.ac.za. Onthou om jou en die persoon wat jy nomineer se postitel en departement of skool ook in die e-pos aan te dui.

“Onderrig is die grootste dryfkrag van persoonlike ontwikkeling. Deur onderrig kan die dogter van ‘n arbeider ‘n dokter word, die seun van ‘n mynwerker die mynbestuurder, en die kind van plaaswerkers die president...”

– Nelson Mandela
Voormalige Suid-Afrikaanse President
en Nobelpryswenner 1993